# POLIOMYELITIS VACCINE: STATEMENT BY THE UNION DEPARTMENT OF HEALTH: POLIOMIËLITIS ENTSTOF: VERKLARING DEUR DIE UNIE SE DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

The following statement by the Union Department of Health was issued on 17 September 1956.

The committee of experts appointed by His Honour the Minister of Health to advise the Department on the approval of vaccine, met in Johannesburg on 15 September. It was then decided to recommend that a quantity of about 82,000 cubic centimetres of the vaccine be approved for use and this vaccine will become available during this week.

It is expected that towards the end of this month a further 84,000 doses will be made available. It is further expected that for the next few months similar quantities will be made available monthly, and that early in the new year the monthly quantities will be increased considerably. It can thus reasonably be expected that the temporary shortage of vaccine will gradually be caught up with and that there will shortly be enough vaccine produced by the Poliomyelitis Foundation to provide all the country's needs.

The Department of Health also decided that there will now be no objection to the administration of the vaccine throughout the year. In the past there was the risk that if a child contracted the disease immediately after an injection the vaccine would be blamed, irrespective of whether or not the sickness was contracted as a result of the injection. The child might perhaps have been sickening for the disease before he was injected. Such misrepresentation of the development of the disease in a recently injected child would

Die volgende verklaring deur die Unie se Department van Gesondheid is op 17 September 1956 uitgereik.

Op Saterdag 15 deser het die komitee van deskundiges, wat Sy Edele die Minister van Gesondheid aangestel het om die Departement met advies te bedien aangaande die goedkeuring van hoeveelhede van poliomiëlitis entstof, in Johannesburg vergader. Toe is dit besluit om aan te beveel dat 'n hoeveelheid van ongeveer 82,000 kubieke sentimeters van die entstof vir gebruik goedgekeur word en hierdie entstof sal dus gedurende die loop van hierdie week beskikbaar word.

Die verwagting is dat teen die end van die huidige maand 'n verdere hoeveelheid van omtrent 84,000 dosisse beskikbaar gestel sal word. Verder word dit verwag dat vir die volgende paar maande soortgelyke hoeveelhede elke maand gereed sal wees en dat vroeg in die nuwe jaar die maandelikse hoeveelhede aansienlik vermeerder sal word. Dit kan dus redelik verwag word dat die tydelike tekort aan entstof geleidelik ingehaal sal word en dat binne 'n afsienbare tyd daar genoeg entstof deur die Poliomiëlitis Stigting geproduseer sal word om in al die behoeftes van ons land te voorsien.

Daarby het die Departement van Gesondheid besluit dat daar nou geen beswaar teen die toediening van die inspuitings van die entstof dwarsdeur die jaar is nie. In die verlede was daar die gevaar dat ingeval 'n kind wat pas ingespuit was die siekte sou opdoen dit aan die entstof toegeskryf sou word, ongeag of dit werklik as gevolg van die inspuiting was al dan nie. Die kind mag miskien die siekte onder lede gehad het voordat hy ingespuit was. So 'n wanvertolking van die ontwikkeling van die siekte in 'n pasingespuite kind sou baie skade aan die reputasie van die entstof gedoen het en die publieke vertrou ondermyn het. Om

have been harmful to the reputation of the vaccine and would have undermined the confidence of the public. For this reason, as the use of the vaccine is a valuable precautionary measure, it was formerly considered desirable not to use it during an outbreak of the disease. Now, however, in view of the fact that experience itself has shown that the vaccine is safe, apart from the very strict safety-tests which are very thoroughly applied, this type of misrepresentation would not be made should the illness by chance occur in a recently injected child. The reason for restricting injections to the winter months has therefore fallen away. The fact that in future injections will not cease during the summer months will to a large extent contribute to satisfying the great public demand for the vaccine.

According to a recent Press declaration 60,000 doses of our vaccine have been sent to Portuguese East Africa, and this of course upset the public in view of the shortage of vaccine for use in our own country. The source of this information is unknown, but the fact is that no vaccine was sent to Portuguese East Africa by the Poliomyelitis Research Foundation. A quantity of 7,000 doses was however sent to the Federation of Rhodesia and Nyasaland and it is no more than right that this should have been done, as the public of the Federation contributed considerably to the Funds of the Poliomyelitis Foundation which produces the vaccine.

In view of the temporary shortage of our own vaccine, there is a demand for vaccine from America. After thorough consideration and after consultation with the committee of experts, the Department came to the conclusion that in spite of the fact that the American vaccine contains a virulent virus which is not used in the manufacture of the South African vaccine and which was responsible for certain unfortunate incidents in America, there is no objection to the importation of the American vaccine. This decision was taken in view of the fact that the American vaccine has been used on a very extensive scale without further incident. It rests with the authorities in America to decide whether they will make the vaccine available to the Union of South Africa.

hierdie rede, aangesien die gebruik van die entstof 'n waardevolle voorsorgmaatreël is, was dit voorheen wenslik geag om dit nie tydens 'n uitbreking van die siekte te gebruik nie. Tans egter, met die oog op die feit dat, bo en behalwe die uiters streng veiligheidstoetse wat baie deeglik toegepas word, die ervaring self geleer het dat die entstof wel veilig is, sal hierdie tipe van wanvertolking van 'n toevallige geval van poliomiëlitis in 'n pasingespuite kind nie aangevoer word nie. Die rede vir die beperking van inspuitings tot die wintermaande het dus weggeval. Die feit dat in die toekoms inspuitings nie gedurende die somermaande opgehou sal word nie sal in 'n groot mate bydra tot die bevrediging van die groot publieke aanvraag vir entstof.

Volgens 'n onlangse persverklaring is 60,000 dosisse van ons entstof aan Portugees Oos Afrika gestuur en dit het natuurlik die publiek ontsteld laat voel met die oog op die tekort aan entstof vir gebruik in ons eie land. Die bron van hierdie informasie is nie bekend nie maar die feit is dat geen entstof aan Portugees Oos Afrika deur die Polionavorsing Stigting gestuur is nie. 'n Hoeveelheid van 7,000 dosisse is wel aan die Federasie van Rhodesië en Niassaland gestuur en dit is nie meer as billik dat dit gedoen word nie aangesien die publiek van die Federasie aansienlik tot die fondse van die Poliomiëlitis Stigting, wat die entstof produseer, bygedra het.

Met die oog op die tydelike tekort aan ons eie entstof is daar 'n aanvraag vir entstof uit Amerika. Na deeglike oorweging en na raadpleging met die komitee van deskundiges het die Departement tot die gevolgtrekking gekom dat, ten spyte van die feit dat die Amerikaanse entstof 'n kwaadaardige virusras wat vir die ongelukkige voorvalle in Amerika verantwoordelik was bevat en dat hierdie virusras nie in ons eie entstof gebruik word nie, daar geen beswaar teen die invoer van die Amerikaanse entstof is nie. Hierdie besluit is geneem met die oog op die feit dat die Amerikaanse entstof op 'n baie groot skaal gebruik is sonder enige verdere voorvalle. Dit berus by die owerhede in Amerika om te besluit of hul entstof aan die Unie van Suid-Afrika beskikbaar gestel sal word al dan nie.